



SWAARKALIBER SKIETOEFENING

1. Inleiding

Hierdie skietoefening het ten doel om skuts se vaardigheid met jaggewere in swaarkalibers tydens skietkompetisies te toets/bevorder. 'n Buffel wat storm word voorgestel en die skote moet in 'n baie kort tyd geskiet word. Die tipiese kalibers en ladings vir aanwending in hierdie omstandighede word geakkommodeer.

2. Teiken

SAJWV se Buffelteiken wat sowat driekwart van ware grootte is, of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur, word gebruik.

Omdat die skiet van gevaarlike wild hier voorgestel word, word uitdruklik bevestig dat die tel-areas soos op die teiken aangebring, nie noodwendig optimaal is in alle omstandighede nie. Daar is ook ander opsies in terme van skootplasing op 'n stormende buffel, byvoorbeeld 'n skouerknop. Alhoewel 'n suksesvolle breinskoot die gewenste effek sal hê, is dit 'n klein teiken en moeilik om te tref. Wanneer die buffel die kop laat sak mag die brein (of werwels daarbo) wel 'n doeltreffende teiken bied. Vir die doel van 'n eenvoudige, eenvormige oefening word die skootplasing hier tussen die hart/long area en die brein versprei. Verlangde variasie om die konsentrasie en vaardigheid van die skut teen tyd te toets word so verkry. Dit is die jagter se verantwoordelikheid om hom/haarself tydens 'n werklike jagtog te vergewis van die beste en mees toepaslike skootplasing met die skiet van gevaarlike wild op die gegewe oomblik.

3. Universele reëls by skietoefeninge

Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items

4. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele

Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlai en veiligheidsprosedures.

5. Gewere

Haelgewere word nie toegelaat nie.

6. Kaliber en ladings

Enige ammunisie wat aan **al twee** die volgende minimum kriteria voldoen, mag gebruik word:

- Die minimum **kaliber** is **9.3mm (.366)**, en
- Die minimum **energie** is 3000 vt-lb (massa in grein x spoed in vt/s x spoed in vt/s / 450400). Dit is dan ook die energie (3000 vt-lbs) vir 'n 286gr koeël teen **2174** vt/s.

Die tabel hieronder toon die minimum trompsnelhede vir verskillende koeëlgewigte.

Koeëlgewig (grein)	Minimum trompsnelheid (vt/s)		Koeëlgewig (grein)	Minimum trompsnelheid (vt/s)
180	2740		300	2122
200	2599		320	2055
220	2478		350	1965
240	2373		400	1838
250	2325		450	1733
270	2237		500	1644
286	2174			

Verminderde ladings met rewolwerkruit en watte is nie toelaatbaar nie.

Omdat die skiet van gevaarlike wild hier voorgestel word, word bevestig dat die formule van energie as 'n minimum ter wille van eenvoud vir hierdie skietoefening gebruik word. Die algemene beskikbaarheid van ligter monolitiese koeëls vir die swaarkalibers is spesifiek in ag geneem vir die gebruik van die energie formule om minimum trompsnelhede te spesifiseer. Daar is egter ook verskeie ander gevorderde formules en ander faktore vir bepaling van geskiktheid van ammunisie vir gebruik op spesifieke spesies. Dit is die jagter se verantwoordelikheid om te verseker dat die ammunisie i.t.v. kaliber, koeëlkonstruksie, koeëlgewig en lading geskik is vir die dier wat gejag word.

7. Visiere en teleskope

Geen beperking. (Die spoed waarteen geskiet word is die gelykmaker).

8. Geweerbande

Geweerbande mag nie gebruik word vir stabilisering nie. Dit hoef nie van die geweer verwyder te word nie maar moet dan los hang.

9. Skietstokke

Geen skietstokke word gebruik nie.

10. Oefening (item verwysings na die dokument “Universele reëls by skietoefeninge”)

Alle skote word vanuit die vryhand staanposisie geskiet (verwys na item 18.4.2)

- a. Vanaf **50 meter** word **een skoot** in **20 sekondes** na die **hart/long area** geskiet.
- b. Vanaf **50 meter** word **twee skote** in **10 sekondes** na die **hart/long area** geskiet.
- c. Vanaf **25 meter** word **drie skote** in **12 sekondes** geskiet. **Een skoot** na die **hart/long area** en **twee** na die **brein**.


11. Telling

Die oefening tel uit 30 punte. Elke skut moet dus in totaal 2 skote na die brein, en 4 skote na die hart/ long-area skiet. Indien daar meer as die gespesifiseerde aantal skote na die brein of hartlong area geskiet is, verloor die skut die hoogste teller in die area waar daar te veel skote is. **Enige skoot uit die totaal van die potensiële ses skote wat nie 'n positiewe telarea tref nie, tel –1. Met ander woorde die volgende skote tel almal –1: Skote op die buffel buite die telareas, skote op die teiken wat die buffel mis, skote wat die hele teiken mis en skote nie geskiet nie.** Dit is 'n **uitsondering** op die standaard aangesien dit met die skietoefening krities is om al die skote gedurende die tydsbeperkings te skiet en ook terselfertyd die skootplasing reg te kry.

Indien 'n skoot ná die tydsbeperking geskiet word, verloor die skut die hoogste punt op die teiken. 'n Skut mag **geen addisionele tyd toegelaat** word indien hy/sy enige vorm van storing of staking ondervind het nie.

12. Erkenning

Skietbalkies met onderste afsny punte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **18, 21 en 24** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **30**.



Teiken grootte: WxH = 750 x 1000mm. Die buffelteiken is ongeveer $\frac{3}{4}$ werklike grootte.

Teiken areas	W x H mm	Area cm ²	vs Hart
bokant van hart	85 dia	57	36%
hart	125 x 165	160	--
sentrale long	177 x 232	320	200%
groter long	232 x 305	550	340%
sentrale brein	75 x 63	36	22%
brein/boonste nek werwel	120 x 104	92	57%

Die tellings is op die teiken gedruk.

Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op 'n afstand sigbaar is nie.